vonnis van tot 15 jaar in ’n gevangeniskamp in die oë. Die toestande daar is so haglik dat die gemiddelde tyd van oorlewing slegs drie jaar is.

Hongersnood en ontbering dwing menige Noord-Koreane om te vlug oor die poreuse grens na Sjina. Dit is baie gevaarlik, maar baie vind ’n heenkome in kerke terwyl hulle in Sjina is. Daar hoor hulle die evangelie en neem die Here aan as hulle Verlosser. Christene wat hulle weg terugvind na Noord-Korea smokkel Bybels in en deel hulle geloof diskreet met diegene wat hulle kan vertrou.

By een geleentheid het ’n 17-jarige seun gevlug na Sjina en die Here gevind. Hy het teruggekeer na Noord-Korea met rys en twee kopieë van die Bybel wat versteek was in sy rugsak.

Hy is gevang deur ’n soldaat toe hy in die donker die grens probeer oorsteek het. Die Bybels is ontdek en hy is gevra wat dit was. Die soldaat het dit probeer lees, maar dit was te donker. Derhalwe het hy die seun op die grond gelos en die boeke na ’n klein observasiehut toe geneem.

Terwyl hy en die ander soldaat begin lees het, het die seun sy kans gesien om te ontsnap. Die laaste ding wat hy gesien het toe hy oor sy skouer gekyk het, was twee soldate wat gretig hulle Bybels gelees het.

Bid vir wysheid en beskerming vir hulle wat Bybels smokkel na Noord-Korea en Sjina. **Bid** vir die nodige fondse om die massiewe nood te kan hanteer. Wat ’n vreugde en seën is dit nie om die Woord van God met die in nood te deel nie!

**SELFOONNOMMER HET VERANDER** Neem kennis dat die selnr. vir Japansending verander het na: 0631701480.

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - “BID VIR ONS”**

- **Bybels en Leesstof**
- **Studente Uitreiking**
- **Bejaardes Uitreiking**
- **Evangelisasie Byeenkomste**
- **Oudiovisuele Uitreiking**
- **Hospitaal Evangelisasie**
- **Engelse Evangelisasie**

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie.

Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie ’n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.

’n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van **STANDARD BANK** of **ABSA BANK** of ’n debietorder kan gebruik word.

Nogmaals **BAIE DANKIE**, liewe vriende. Mag die Here u seën.

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

***NOVEMBER-DESEMBER 2022***
*“Roep My aan en Ek sal jou antwoord”* (*Jer. 33:3*)

# JAPANSENDING

***Geroep om te dien***

## DEEL GOD SE LIEFDE DEUR MUSIEK


*Eliezer Tyree*

Eliezer Tyree het in Nov. 2020 vanaf Kalifornië in die VSA by Japansending aangesluit as Engelse evangeliese onderwyser.

Tans reis hy na verskeie kerke om hulle te help om vir Christus na hulle gemeenskappe uit te reik deur Engelse klasse te gee en sy musikale gawes te gebruik om God se liefde te deel. Baie wat nie normaalweg kerkdienste bywoon nie, het Engels begin leer en vriende gemaak met 'n vreemdeling. Elke klas het geëindig met ’n Bybelbespreking en ’n kort tydjie van gemeenskap.

Eliezer het by sy vorige werk by Fender vir vier jaar kitare gebou. Aangesien hy ’n begaafde sanger is, kitaar kan speel en bou, het Japansending begin met ’n musiekuitreik-program waartydens studente hulle eie kitaar kan bou met behulp van ’n pak met die nodige toerusting en daarna te leer om dit te speel.

Eliezer het ook liedere in Japannees geskryf oor die hoop wat hy het in Jesus. So het ons toe vir hom gereël om in verskeie kerke te sing en konserte te hou waar hy oor sy geloof getuig het.

Eliezer het ’n passie vir evangelisasie en het alreeds die geleentheid gehad om baie mense se lewens te beïnvloed. Bid vir die saad wat reeds in die harte van die studente gesaai is en diegene met wie hy in aanraking gekom het.

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO, IKOMA CITY,**
**NARA KEN, 603-0266, JAPAN**

**Tel: 0081-743731754** **Tel: (012) 337-1533**
**Faks: 0081-743731681** **Cell: 063 170 1480**
**www.japanmission.org** **sa@japanmission.org**
**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

## MY STORIE - *deur Eliezer Tyree*

Ek het opgegroei in 'n Christelike huis en is van 'n jongs af stories en leringe van die Bybel geleer. Om elke Sondag kerk toe te gaan, was 'n normale deel van my lewe.

Toe ek hoërskool toe gegaan het, het ek begin dien in die sang- en aanbiddingsdiens van my kerk. Ek was lief daarvoor om die Here te dien, om van Hom te leer en om gemeenskap te hê met sy mense. Ek het minstens twee keer per week kerk toe gegaan.

Nadat ek klaargemaak het met skool, het ek twee werke gehad en klasse geloop by 'n gemeenskapskollege. Ek het al hoe minder begin kerk toe gaan. Ek het ook 'n vriendin gehad wat nie gelowig was nie.

Ek het uit my ouers se huis getrek en 'n plek gehuur wat nader aan my werk was. Ek het opgehou om kerk toe te gaan en het al hoe meer vol selfvertroue en selfsugtig geword, en uiteindelik het ek net geleef om my eie sondige begeertes te bevredig.

Aan die begin was dit pret en het ek dit geniet, maar ek het gou begin depressief raak. Ek het niks meer geniet nie. Dit het vir my gevoel asof daar 'n wolk oor my kop gehang het en boonop het dit ook aanhoudend gereën.

Een nag het ek wakker gelê met 'n pyn in my bors wat ek 'n rukkie lank al gehad het. Dit het gemaak dat ek nie kon slaap nie. Gefrustreerd het ek opgestaan en in die sitkamer gaan sit met my notaboek.

Ek het geroep om hulp deur 'n gebed tot God te skryf. Ek het Hom gevra om my te wys hoe ek weer op 'n plek kan kom waar my lewe vervuld en betekenisvol sal wees. Ek het Hom gevra om my te vergewe vir die selfsugtige en onafhanklike lewe wat ek sonder God gelei het.

Terwyl ek my sonde bely het, het Hy met my gepraat en het ek 'n oorweldigende gevoel van vrede oor my voel kom. Ek het 'n liefde gevoel soos nog nooit tevore nie en gehoor hoe Hy my roep.

God het vir my gewys dat ek moet wegkom van my selfsugtige lewenswyse en weer met my ouers en die kerk.moet versoen. Die volgende dag het ek vir my vriende vertel dat ek weer by my ouers gaan intrek. Ek het ook weer die kerkdienste bygewoon.

Mettertyd het ek weer begin om my musiektalente te gebruik in diens van die kerk en sedertdien het ek vir God gelewe.

***'Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop. Moenie dink jy het die wysheid in pag nie, dien die Here en vermy wat sleg is'*** (Spreuke 3:5-7).

## OPROEP NA JAPAN - *deur Eliezer Tyree*

In 2016 het ek 'n drang gevoel om deur die wêreld te toer aangesien ek nog jonk was en min verpligtinge gehad het. My werk het my toegelaat om vir kort tye verlof te neem en kort reise te onderneem. So het ek begin bid oor watter land ek moet besoek en God het my gelei om Japan te kies.

Ek het vir my 'n vliegtuigkaartjie 'n jaar vooruit gekoop en myself voorberei deur die Japannese taal te bestudeer. Terwyl ek in Japan was, het ek baie vriende gemaak en het baie goeie herinneringe van my tyd daar. Nadat ek huis toe is, het ek geweet ek wil graag teruggaan na Japan.

Op een van my reise na Japan het ek 'n kerk besoek en 'n sendeling van Japansending ontmoet, nl. Josephine Aragon. Ek het met haar gedeel dat ek 'n begeerte het om die evangelie te deel met Japannese mense. Sy het 'n boek vir my gegee. Dit het gegaan oor Neil en Peggy Verwey met die titel **'Half a Century in Japan'.**

Ek het dit begin lees terwyl ek op die vliegtuig terug na die VSA was. Ek kon nie die boek neersit nie. Die stories het my so geïnspireer dat ek begin sendingwerk doen het by my werksplek. Ek het God se Woord gedeel waar ek kon, en het probeer om almal lief te hê en te bemoedig.

Ek het begin besef hoe belangrik dit vir my was om deel te wees van die redding van siele. Ons weet nie wanneer iemand na die volgende lewe gaan verhuis nie. Ek het gevoel dat my planne vir 'n suksesvolle loopbaan in vergelyking met sendingwerk verdof het.

Op my volgende reis na Japan het God my gehelp om my geloof met verskeie mense te deel. Met my terugkeer, was ek nog meer oortuig dat God wil hê dat ek sendingwerk in Japan moet gaan doen. Derhalwe het ek aansoek gedoen om by Japansending aan te sluit.

## LOFPRYSING & GEBEDSVERSOEKE

1. Japansending het gedurende Oktober 2022 twee Engelse kampe gehou. Daar was oor 'n honderd studente. Baie aktiwiteite is so georganiseer dat dit vir Japansending moontlik was om ook God se liefde met die studente te kon deel. Harte het warm geklop toe Eliezer Tyree Japannese Christelike liedjies wat hyself geskryf het, gesing het. Hy het ook getuig van sy geloof. **Bid asseblief** vir die saad wat gesaai is.
2. Eliezer is 'n jong, enkel en talentvolle 28-jarige wat verskeie besluite oor sy toekoms in die gesig staar. Bid dat die Here hom duidelik sal lei hoe om God se liefde met die verlorenes te deel.

## BYBELS NA NOORD-KOREA

Japansending gaan steeds voort om Bybels beskikbaar te stel vir verspreiding in Noord-Korea. Onlangse berigte van verskeie sendingvennote wat na die land reis, toon dat daar tekens is van grootskaalse veranderinge vorentoe.

Noord-Korea bly steeds een van die moeilikste lande in die wêreld om 'n Christen te wees. Broers en susters in Christus steek hulle geloof weg as gevolg van die bedreiging van erge vervolging. Hulle kan nie openlik bid, sing of bely dat hulle volgelinge van Jesus Christus is nie.

Om selfs 'n gedeelte van die Bybel in Noord-Korea te besit, beteken dat jy jou lewe op die spel plaas. Oortreders staar 'n